

# Maandag 15 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 79:1-13	Fokusgedeelte: Psalm 79:9
------------------------------	---------------------------

## **Die heiligheid van die Naam van die Here**

Die Naam van die Here is altyd in godsdiens 'n gewilde tema. Dit sterk van die verdraaiings in kultegroepe oor die aanspreek van die Here tot met die blatante oortreding van die derde gebod vandag om ons.

Maar in Psalm 79 sien ons 'n ander gebruik. Met respek gesê, dit lyk op die oog af of Asaf die Here wil manipuleer. Hy wil redding op grond van die heiligheid van die Naam van die Here eis. 'n Gedagtegang wat nie vreemd aan die Bybel is nie – kyk maar net na Esegïel 36:22. Tog is dit 'n bietjie meer ingewikkeld as dit.

Staan ons werklik aan die regte kant van die heiligheid van die Naam van die Here? Asaf weet duidelik dat die ramp wat Jerusalem en die tempel tref, verdien word – ons sien dit immers in vers 5. Ons is nie onskuldig aan die ontering van die Here se Naam nie. Tog kom red die Here ons genadig in die sterwe van sy Seun, ons Here Jesus Christus. En daarom kan ons saam met Asaf en die res van die gelowiges uitsien na die dag wanneer die Here finaal kom oordeel.

Ons weet immers ons is verlos uit die toorn van die Here. Die Vader het die heiligheid van sy Naam kom bevestig in die reddingswerk van ons Here Jesus Christus. En uit genade kan ons vandag leef tot eer van die heilige Naam van die Here.

*Sing: Psalm 79-1:4, 9*

*Ds. FR Pretorius (Franscois) (Phalaborwa)*